Andre Groenewaldt's reply to Mrs. Stott's letter to Die Burger dated 6/7/59.

Noted M.C.P.

16/7/59. posted to regions 11 SEP 1959

Met stygende verbasing het ek die brief van mev. E.Stott, Uniale-ondervoorsitster van die Swart Serp, in Die Burger van 6 Julie gelees.

Die doel van die brief is klaarblyklik om Afrikaanssprekende lede vir Die Swart Serp to werf. Hulle sou dan "vroulike kiesers van alle politieke partye en organisasies as lede" verwelkom. Dit klink na 'n tegemoetkomende welwillendheid en 'n opregte begeerte tot samewerking om alle boosheid van die huidige Regering uit te roei.

As ons egter mev. Stott se brief sien teen die agtergrond van Die Swart Serp tot dusver, kan ons ongelukkig tot geen ander gevolgtrekking kom nie as om dit te beskou as 'n tipiese Opposisie-houding. Probeer Afrikaners teen mekaar in die harnas jaag en lewer onophoudelik afbrekende kritiek. Alles geskied gewoonlik onder die dekmantel van 'n opregte strewe na samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes.

Mev. Stott skryf dan ook dat Die Swart Serp "nie gekant is teen alles wat die Regering doen nie". Sy noem egter nie een voorbeeld waar Die Swart Serp as organisasie enigiets wat die Regering gedoen het, gesteun het nie. Kan sy een voorbeeld noem waar Die Swart Serp 'n positiewe stap gedoen het om beter en gesonder samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes te bevorder? So nie, moet ons aanvaar dat die Swart Serp net 'n negatiewe en afbrekende organisasie is.

BITTERE TEENKANTING.

How jammer dat Engelssprekendes, wat so baie oor samewerking praat, en ek glo daar is baie wat die opreg bedoel, maar aanhou om te verwag dat die Afrikaner met hulle moet saamwerk. Hoe jammer dat daar so min Engelssprekendes is wat nie die Afrikaner ook tegemoet wil kom, sy strewe en sy lewensbeskouing eerbiedig en met hom ook wil saamwerk nie. Die bittere teenkanting van soveel Engelssprekendes teen alles wat die Afrikaner probeer bereik, teen selfs sulke fundamentele simbole van 'n verenigde nasie as een eie volkslied en een vlag, bewys egter die teendeel.

Laat Die Swart Serp met die daad bewys dat hulle eerlik is in hul strewe na beter verhoudinge tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Dan eers kan hulle 'n beroep op Afrikaanssprekendes doen om saam te staan en te kritiseer wat verkeerd is. En laat hulle verder eers 'n billike en duidelike alternatief stel in die plek van wat hulle kritiseer.

Intussen klink sodanige beroepe nie net onvanpas nie, maar dit grens aan verwaandheid.